**PENSIOEN OMSENDSKRYWE NR: 1 van 2026**
**26 Januarie 2026**

**AAN: ALLE WERKGEWERS EN LEDE VAN DIE PREDIKANTE- EN AMPTENARE PENSIOENFONDS**

## PENSIOENFONDSBYDRAES, TARIEWE EN PREMIES

'n Voorspoedige 2026 word u elkeen toegewens.

Ons is dankbaar vir die besondere groei in die markte in 2025.

Gedurende 2025 het 'n struktuurhersiening vir die NG Kerk van Transvaal: Predikante en Amptenare plaasgevind.

Vanaf 01 Oktober 2025 het die volgende wysigings ingetree:

- Addisionele bydraekategorie van 5% werkgewer en 3% lid is ingestel.
- Die ongeskiktheidsenkelbedrag vir beide Predikante en Amptenare is gekanselleer.
- Die goedgekeurde sterftevoordele is verminder na 2x pensioengewende salaris vir beide Predikante en Amptenare.
- 'n Gevreesde siekte-voordeel van 1x pensioengewende salaris is ingestel.

Sanlam, beide die Sambreelfonds en Sanlam Groeprisiko het hulle tariefhersiening vir 2026 gefinaliseer volgens die nuwe struktuur wat vanaf 01 Oktober 2025 geldig is. Waar van toepassing, sluit die fooie BTW en kommissie betaalbaar aan ECS in.

NG Kerk van Transvaal Predikante en Amptenare Pensioenfonds: Deelnemend aan die Sanlam Sambreelfonds
Melkstraat 153, Niew Muckleneuk Pretoria
E-pos:rehan@pensioene.co.za; rehan@noordsin.co.za
Tel: 083 2887756
Pensioenfondsbestuurder: Ds Rehan Rheeder

Neem asb. kennis van die volgende tariewe en premies vir 2026. Dit is geldig vanaf 1 Maart 2026.

**Kategorie 1 (Predikante)**

| Tipe Voordeel | Voordeel betaalbaar |
|---|---|
| **Sterftevoordeel binne Fonds ("goedgekeurde" voordeel en wat belasbaar is by uitbetaling)** | 2 x pensioengewende salaris |
| **Maandelikse Ongeskiktheidsinkomste** | 75% van pensioengewende salaris |
| **Sterftevoordeel Buite die fonds ("nie-goedgekeurde" voordeel en wat belastingvry uitbetaal)** | 4 x pensioengewende salaris |
| **Gadeversekering** | 1,25 x pensioengewende salaris |
| **Gevreesde Siekte** | 1 x pensioengewende salaris |

Die premies vanaf **Maart 2026** (teenoor premies op Maart 2025) vir bogenoemde voordele is soos volg:

| Voordeel | Premies soos op 1 Maart 2025 | Nuwe premies miv 1 Maart 2026 (Persentasie van pensioengewende salaris) |
|---|---|---|
| **Groeplewensversekering (sterftevoordeel buite die fonds (begrotingsitem))** | 1,3350% | 1,335%<br>Werkgewer betaal 50% en lid betaal 50% |
| **Gadeversekering (begrotingsitem)** | 0,2250% | 0,2250%<br>Lid betaal ten volle |
| **Gevreesde Siekte (nie-begrotingsitem nie)** | - | 0.5641% |
| **Ongeskiktheidsinkomste (nie begrotingsitem nie)** | 0,9200% | 0,9200% |
| **Sterftevoordeel binne die Fonds (nie begrotingsitem nie)** | - | 0.6742% |

Waar daar 'n **begrotingsitem** aangedui word, beteken dit u moet die geld saam met die bydraes oorbetaal. Die web maak voorsiening daarvoor.

**<u>Bydraekategorieë vir werkgewers en werknemers (vanaf 1 Maart 2026):</u>**

| | Bydraekategorie | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | **6** | **7** | **8** |
| **Werknemerbydrae** | 4,2% | 5% | 6,1% | 7% | 7,5% | 7,5% | 7,5% | 3% |
| **Werkgewerbydrae** | 9,3% | 10% | 11,4% | 13% | 15% | 17,5% | 20% | 5% |
| **Totale bydrae** | **13,5%** | **15%** | **17,5%** | **20%** | **22,5%** | **25%** | **27,5%** | **8%** |

**<u>Kategorie 2: Amptenare</u>**

| Tipe Voordeel | Voordeel betaalbaar |
|---|---|
| **Sterftevoordeel binne Fonds ("goedgekeurde" voordeel en wat belasbaar is by uitbetaling)** | 2 x pensioengewende salaris |
| **Ongeskiktheidsinkomste** | 75% van pensioengewende salaris |
| **Groeplewensversekering ("nie-goedgekeurde" voordeel en wat belastingvry uitbetaal)** | 2 x pensioengewende salaris |
| **Gadeversekering** | 1 x pensioengewende salaris |
| **Gevreesde Siekte** | 1 x pensioengewende salaris |

Die premies vir bogenoemde voordele vanaf Maart 2026 (teenoor Maart 2025) is soos volg:

| Voordeel | Premies soos op 1 Maart 2025 | Nuwe premies miv 1 Maart 2026 (Persentasie van pensioengewende salaris) |
|---|---|---|
| **Groeplewensversekering (Sterftevoordeel buite die Fonds - "nie-goedgekeurde" voordeel - <u>begrotingsitem</u>)** | 0,8260% | 0,8260%<br>50% word deur werkgewer betaal en 50% deur die lid |
| **Gadeversekering (<u>begrotingsitem</u>)** | 0,9720% | 0,9720%<br>Lid betaal ten volle |
| **Gevreesde Siekte (nie-begrotingsitem nie)** | - | 0.5641% |
| **Maandelikse Ongeskiktheidsinkomste (nie-begrotingsitem nie)** | 0,9200% | 0,9200% |
| **Sterftevoordeel binne die Fonds (nie-begrotingsitem)** | 1,0790% | 0,6742% |

Waar daar 'n **begrotingsitem** aangedui word, beteken dit u moet die geld saam met die bydraes oorbetaal. Die web maak voorsiening hiervoor.

**Bydraekategorieë vanaf 1 Maart 2026 vir werkgewers en werknemers:**

| | Bydraekategorie | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| **Werknemerbydrae** | Gesluit | 7,5% | 5% | 7,5% | 7,5% | 7,5% | 3% |
| **Werkgewerbydrae** | Gesluit | 13% | 8,5%% | 15% | 17,5% | 20% | 5% |
| **Totale bydrae** | **Gesluit** | **20,5%** | **13,5%** | **22,5%** | **25%** | **27,5%** | **8%** |

**Algemeen - vir beide Predikante en Amptenare**

**Let asseblief daarop** dat al die maandelikse bydraes en/of premies agteruit betaalbaar is, dit wil sê die bydraes en/of premies is betaalbaar einde Maart, geldig vanaf 1 Maart. Dit is baie belangrik om daarop te let dat die bydraes teen die 7de van die maand wat volg op die maand waarvoor die premies betaalbaar is, inbetaal moet wees. Die Pensioenfondswet vereis dit. Indien dit na die datum inbetaal word, sal daar rente op die laat betaling van die bydraes gehef word teen 'n rentekoers soos bepaal deur die Wet.

Alle werkgewers/predikante en amptenare het die keuse om miv 1 Maart 2026 pakkette te struktureer, gegewe enige verhogings wat toegestaan is. U kan opskuif na 'n hoër of laer bydraekategorie in Maart en September van elke jaar.

**Die Fonds se operasionele koste (administrasie en konsultasie)**

Omdat hierdie kantoor baie navrae kry oor die administrasie, konsultasie en ander kostes verbonde aan die bedryf van die Fonds (soos dit op die *retirementfundweb* beskikbaar is) gee ek graag hierdie koste ook aan u. Hierdie kostes word volgens wet van die werkgewer se bydraes verhaal.
*(Hierdie is nie 'n begrotingsitem nie)*

| Komponent | Premie/koste vir Maart 2025 | Premie/koste vanaf Maart 2026 |
|---|---|---|
| **Sanlam Administrasie**<br>(Dieselfde vir beide Predikante en Amptenare) | 0,2793% | 0,2891% |
| **Konsultasie**<br>(Dieselfde vir beide Predikante en Amptenare) | 0,1290% | *0,1610% |

- **Efficient Corporate Solutions** se fooi is na 'n drie jaar-ooreenkoms met geen verhoging, verhoog vir 2026.

Die mediese bewysvrye limiete is die volgende:

| Tipe dekking | 2025 | 2026 |
|---|---|---|
| **Gekombineerde lewensdekking** | R15 000 000 | R15 000 000 voordeel (onveranderd) |
| **Maandelikse Ongeskiktheidsinkomste** | R95 000 inkomste per maand | R 95 000 inkomste per maand (onveranderd) |
| **Gadedekking** | R1 500 000 | R1 700 000 (groter) |
| **Gevreesde Siekte** | - | R 2000 000 voordeel |

Die limiete is effektief 1 Maart 2026.

**Begrafnisskema**

Die premies en dekkingsbedrae bly dieselfde vir 2026:

| Opsie 1 | Opsie 1 aanvullende voordeel ingesluit |
|---|---|
| R16.80 per lid per maand | R34.80 per lid per maand |

| Opsie 2 | Opsie 2 aanvullende voordeel ingesluit |
|---|---|
| R36.00 per lid per maand | R57.60 per lid per maand |

Elke werkgewer is verantwoordelik om toe te sien dat die nodige maandelikse skedule en betaling aan Sanlam Groepskema voorsien word. Hierdie betaling word **nie** op die Sanlam web betaal nie, maar aan Sanlam Groepskema.

**Sanlam Sambreelfonds Beleggingsfooi**

Sanlam het gedurende 2024 die hersieningstydperk gewysig na ses maandeliks.

Die fonds se beleggingsfooi is in Oktober 2025 hersien en is tans:

| | 1 Maart 2025 | 1 Oktober 2025 |
|---|---|---|
| **Sanlam Wealth Creation** | 0.6248% van bates | 0.6226% van bates |

**Sanlam Sambreelfonds: Reserwerekening**

Die reserwerekening fooi van R 3.00 per lid per maand bly onveranderd. Hierdie fooi sluit die FSCA heffings en PFA fooie in.

**Die Fonds se bedryfskoste (kantoor en bestuur)**

U word daaraan herinner dat daar 'n heffing vir die pensioenkantoor- en bestuurskomiteeuitgawes betaalbaar is. **Hierdie heffing is deur elke geregistreerde werkgewer betaalbaar en beloop R155,00 per maand per werkgewer (en nie per lid nie) miv 1 Maart 2026.** Dit is 'n styging van 3,5%.

Die bankrekening waarin dit betaal moet word, is soos volg:

- Rekeningnaam: NG Kerk van Transvaal: Predikante en Amptenare Pensioenfonds
- Rekeningnommer: 41-0240-3942
- Tipe rekening: Tjek
- Tak naam: ABSA Sandton City
- Tak nommer: 632005

U is welkom om vir Me Sandra Grobler (Noordelike Sinode) te kontak vir meer besonderhede. Inbetalings word deur haar gemonitor. Haar epos adres is sandra@noordsin.co.za

**Korrektheid van data en begunstigde benoemingsvorms**

Saakgelastigdes/skribas/ finansiële beamptes by gemeentes en instelling wat verantwoordelik is vir die oorbetaling van maandelikse bydraes en premies op die web, moet asseblief verseker dat hul leraars/amptenare se persoonlike besonderhede op die web korrek is aangesien hulle by magte is om dit te verander. Dit is krities belangrik dat lede se selfoonnommers en e-posadresse op die web aangebring word aangesien dit in die toekoms 'n belangrike manier gaan wees om elektronies, direk met lede te kommunikeer. Die begunstigde benoemingsvorms word direk op die web gelaai. Dit is raadsaam om steeds 'n harde kopie van hierdie vorm by u kantoor op lêer te hou.

**Aftree- en inligtingsessies**

Aftreesessies word vir April, Mei en Junie 2026 beplan. Lede wat in 2026 gaan aftree word sterk aangemoedig om hierdie sessies by te woon vir belangrike inligting. Meer besonderhede oor die sessies sal later beskikbaar gestel word.

**<u>Kontak die Pensioenfondskantoor</u>**

Neem asb. vrymoedigheid om vir Rehan Rheeder by die Pensioenfondskantoor te kontak vir ondersteuning en inligting.

Vriendelike groete



**DS REHAN RHEEDER**
**PENSIOENFONDSBESTUURDER**
**0832887756**